21 Februarie	DIE AMPTELIKE OPENING VAN HEFSIBA

Ons wil graag die **adres lys van hierdie Nuusbriewe/Nuusflitse uit bou. Help asb deur hierdie epos na jou familie / vriende of kollegas te stuur. Hulle kan registreer deur 'n epos te stuur na: admin@hesiba.org stuur met "subject: registreer vir Hefisba Nuusbrief/Nuusflitse" of hulle kan die volgende skakel volg: http://www.hefsiba.org/Newsletters.aspx en hulle details daar voltooi.**

Liewe Venote,

Die amptelike opening (Abertura Solene) van HEFSIBA het toe plaasgevind op 15 Januarie. Ek is in die geleentheid gestel om die Woord te bedien voor al die studente en eregaste. Ek het o.a. 'n pleidooi gedoen vir eerlike en integriteit leierskap. Die Voltydse Sekretaris van die Frelimo Party het daarna aan die woord gekom en erken dat Mosambiek vol is van korrupsie en HEFSIBA opgeroep om voort te gaan met die lewering van leiers wat die korrupsie kan tëewerk. Hy het ook 'n beroep gedoen op ons om ernstig te begin dink aan ander fakulteite, dalk in Bestuur, BCom of Regte – daar het julle dit nou.

O ja, hy is self nou 'n student by ons. So is ook die verteenwoordiger van die Munisipalliteit wat ons toegespreek het, sowel as die Burgemeester en die Voorsitter van die Munisipale Raad en ander vername mense soos die Gevangenishoof, die Hoof van die Veiligheidspolisie en ander hoofde van skole. Almal neem nou by ons die Buitemuurse Honneursgraad in Psigologie. Hier is ook nou 'n ander satalietkampus van 'n Universiteit by ons op Vila in Leierskap en Landbou maar ons het so 'n goeie naam opgebou dat hulle nie die aftrek kry waarvoor hulle gehoop het nie - al is hulle Registrasie en klasgelde ook baie goedkoper as ons s'n.

Ek gee Pedagogiek aan die meer as 70 nuwe eerstejaars in die saal. Pedagogiek is net 'n verskuilde naam vir Kinderbediening en ons doen maar Petra Kollege (buite Witrivier) se materiaal met hulle – tot die Woordelose Boekie met die Weg van Saligheid!

Kan ons julle vra om te bid vir hierdie unieke geleentheid wat ons het? Bid asb vir al ons dosente vir baie wysheid en takt maar ook vir moed en vrymoedigheid.

20 REKENAARS OP PAD

Eduard Schock van Potchefstoom saam met een of 2 ander manne begin Maandag 22 Februarie die tog op na HEFSIBA met 20 opgeboude rekenaars vir ons taallaboratorium. Bid asb vir hulle deur die grense en vir die suksesvolle indiensstelling van die rekenaars met die regte programatuur. Dirk Smit en sy span het Saterdag die taalhuis in orde gekry met al die tafels vir die rekenaars, en moet nou net haastig die vernis afhandel.

FOTOSTATE VIR AFRIKA

Ons nuwe fotostaatmasjien en die reggemaakte ou fotostaatmasjien (geskenk van die Gereformeerde Kerk van Centurion, Pretoria), werk onverpoos en oortyd om al die boeke en diktate reg te kry vir die 100 plus studente. Isabel is veral verantwoordelik vir die maak van die fotostate en die bind van die boeke en word bygestaan deur die

Administratiewe personeel waarvan Antoinette deel is. Vir die eerste keer kry studente nou al hulle boeke vir die semester by registrasie – ons raak nou al meer professioneel!

Die nuwe CANON fotostaatmasjien het ons R17 500 gekos en die Bestuurskomitee het dit as ‘n projek verklaar. Enige bydraes daarvoor sal dus verwelkom word.

HONNEURSGRADE
Drie van ons dosente kry op 8 Maart hulle Honneursgrade by die Noord Wes Universiteit. Hulle is ds. Miguel Nobre, ds Timóteo Fabião Maseko en die tydelike dosent Lukas Gabriel wat nou ook ‘n toppos beklee by die plaaslike Sekondêre Skool. Eersg. twee gaan self hulle grade haal in Potch. Miguel het ‘n beurs gekry van die GZB en NG Weltevreden daar in Roodepoort se wêreld gaan vir Timóteo finansieel help om sy graad te gaan haal. Hulle wil albei nou inskryf vir hulle Meestersgrade en ons is baie trots op ons dosente wat so hard studeer en werk met integriteit.

Bid asb vir die 3 dosente van ons en hulle voortgaande studies. Ook vir ds Manasse Matiquele, ons Prinsipaal, wat graag sy doktorale studies wil voortsit aan NWU maar tot dusver nog nie ‘n opening kon kry nie.

SAQA
Ons begin nou met die proses om by SAQA daar in Suid-Afrika erkenning te kry as ‘n tersiêre inrigting. Almal wat al deur die proses is sê dit is nie ‘n grap nie. Bid asb vir my wat die proses moet bestuur.

PERSOONLIKE NUUS
Ons prematuurgebore kleinseun Louw-Kruger du Preez is uit die hospitaal en by die huis! Dankie vir almal wat vir hom gebid het. Hy is te pragtig vir sy oupa en ouma wat hoeka vandag ge-Skype het en hom via de video kameratjie van naderby bestudeer het. Hy lyk darem nie meer soos ‘n marsmannetjie met al die pype nie!

Dit was lekker om gou ‘n paar reels te kon neerkribbel.

Mag die Here self al ons donateurs , voorbidders en belangstellendes seën in 2010.

CRISTO ACIMA DE TUDO! CHRISTUS BO ALLES!
Kruger en Antoinette du Preez

Hefsiba - Institute for Christian Higher Education
Vila Ulongue
Mozambique
Tel. +258 25252021
Cell +258 822712012

To read the English version of previous newsletters, follow this link/ Vir afrikaanse weergawes van vorige nuusbriewe vol die volgende skakel: http://www.hefsiba.org/Newsletters.aspx

Vinnige skakels: **Hefsiba Tuisblad | Geskiedenis van HEFSIBA | Studente van HEFSIBA | Raak betrokke | Vorige Nuusbriewe / Registreer vir Nuusbrief**

BANKGEGEWENS:

HEFSIBA
Bank: ABSA Lynnwoodrif Pretoria
Takkode; 333-845
Rek nr. 14-2015-5464

NuusFlits (26 Februarie):

Eduard en Vossie van Crossroad Bedieninge, Potchefstroom, het vanmiddag veilig hier aangekom op Vila Ulónguè met ‘n groot ‘trailer’ vol opgeboude rekenaars vir HEFSIBA se nuwe Engelse taallaboratorium. Dankie vir almal wat aan hulle gedink het en vir hulle gebid het – hulle het seepglad vinnig deur al die grense gegaan! Sekerlik gebedsverhoring! Die elektriese bedrading moet nog uitgesorteer word omdat Mosambiek se sisteem en “plugs” verskil van die van SA. Ons is egter vol vertroue dat ons die saak uitgesorteer sal kry binne die volgende twee dae. Dankie dat ons ook voorbidding kan vra vir die suksesvollle installering van die 20 rekenaars en hulle programme.

Finansiële bydraes vir die inrigting en afronding van die taallaboratorium sal nie weggewys word nie…

Die ander goeie nuus is dat daar vandag ‘n Suid Afrikaanse boorman hier aangekom het met sy werksetel in Tete so 235km van hier. Hy wil sommer al Saterdag vir ons ‘n boorgat boor om te kyk of ons nie die watersituasie op die stasie kan verbeter nie. Ons sien ook die hand van die Here hierin. Gelukkig het CAM – (Committee for Administration of Missionaries) genoeg geld in SA om een te laat boor. Bid asb dat daar water gevind sal word! CAM en die terreinkomitee moet nou spoedig oor hierdie saak vergader en die groen lig gee.

Ons het ook nou ‘n nuwe waterpomp bestel van Maputo af. Bid tog dat dit sommer al Donderdag hier sal wees omdat die elektrisiën wat dit moet instaleer net tot Vrydag nog hier is.

Ons watersituasie het sommer baie verbeter die afgelope paar dae en selfs Petria kon vandag ‘n warm stortbad neem!

Groetnis!

Kruger du Preez
Hefsiba - Institute for Christian Higher Education
Vila Ulongue
Mozambique
Tel. +258 25252021
Cell +258 822712012